

Skrifgedeelte: Psalm 42

Fokusgedeelte: Psalm 42:12

Jubel oor God terwyl ek in my swaarkry wonder oor God

Beproewinge en swaarkry kan 'n mens "ver" van God laat voel! Dit voel vir die digter asof hy soos 'n wildsbok in die woestyn is wat ver van water af is en dat hy na God se teenwoordigheid smag soos daardie bokkie na water smag! Hy verlang na die teenwoordigheid en die troos van die Here. Al wat hy nou beleef, is trane en vertwyfeling.

Ja, swaarkry en beproewing kan jou oor God se handeling met jou laat wonder. Dit kan jou selfs laat dink dat God jou vergeet het. Dit laat jou wonder waarom die Here hierdie beproewing oor jou gebring het? Wat het jy gedoen dat jy hierdie swaarkry moet ervaar? Hierdie gedagtes en vrae kan jou diep ontstel en jou mismoedig maak.

En tog, terwyl jy in jou swaarkry wonder oor God, kan jy terselfdertyd ook jubel oor God! Twee keer in die psalm breek die lig van God in die donker van die psalmdigter se swaarkry deur, naamlik in verse 6/7 en vers 12: *Ek sal Hom weer prys, want Hy is my redder en my God!*

Ja, in jou swaarkry word jy herinner aan God se getroue redding en genade aan jou in die verlede. Dat ons getroue God sy kinders red en bystaan, bly vir jou 'n bron van hoop en iets om aan vas te hou! In jou swaarkry kan jy in gebed vashou aan God en kan jy jubel oor God wat vir jou – soos altyd in die verlede – uitkoms sal gee!

Met vertroue kan ek bid tot die God van my lewe en sê: My Rots! Ja, in Christus staan God se genade en redding vas! Hy het immers belowe dat niks my ooit uit die hand van God sal ruk of van die liefde van God sal skei nie! Daardie liefde wat God vir my in Jesus Christus het! Daarom sal ek jubel terwyl ek in my swaarkry wonder!

*Sing: Skrifberyming 14-2:1
Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*